# Hillcrest High School

Graad 9

## AFRIKAANS EAT V2

November 2023

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. M. Henderson

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Letterkunde** | **(50)** |
| **Afdeling B : Stelwerk** | **(50)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op ʼn skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad: Me. Jordaan, Middleton, Nieuwoudt, Schoeman en Henderson**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Letterkunde**

**Vraag 1: My ma se varsgebakte brood (Jaco Jacobs)**

Ek is mal oor my ma
se varsgebakte brood.
Warm uit die oond
en reusagtig groot.
Mense se oë rek,
ja, hulle staan verstom
as daai brood in ’n rookwolk
uit die oond te voorskyn kom.
Die rede waarom ek so baie daarvan hou?
Dis omdat ’n mens dit kan gebruik
om huise mee te bou!
Is jy lus vir ’n snytjie?
Wil jy dit regtig waag?
Gaan haal dan asseblief eers gou
my pa se ystersaag!
Ek is mal oor my ma
se varsgebakte brood:
As ’n mens iemand daarmee gooi,
is daardie iemand dood!

1.1 Noem TWEE eienskappe van die brood as dit uit die oond kom. (2)

1.2 Kies die KORREKTE woorde uit die blokkie om die sinne te voltooi.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ore | hartseer | mes | oë | humoristiese | sien | glo |

Die mense se __1.2.1__ is groot en hulle kan dit nie __1.2.2__ as die reusebrood uit die oond kom nie. Hierdie is ‘n __1.2.3__ gedig. (3)

1.3 Haal ‘n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. (1)

1.4 .1 Wat stel die spreker voor moet jy gebruik om die brood mee te sny? (1)

1.4.2 Hoekom? (1)


1.5 Watter tipe rym kom in die gedig voor? (1)

1.6 Noem twee dinge waarvoor ons die brood kan gebruik, volgens die spreker. (2)

1.7 Hou jy van varsgebakte brood? Hoekom/Hoekom nie? (1)

(12)





**Vraag 2: Hartbreek (Susan Smith)**

net voor eerste pouse het ek jou
wintervaal kuif die eerste keer
agter in die ry gewaar

teen tweede pouse
het my hart finaal
in jou klippiebruinoë verdwaal

maar huistoetyd se klok
het my sonderasemstil geskok
toe ek van ‘n ander planeet af sien
hoe jou hand soos ‘n amperfluister
om haar pinkie vou

2.1 Wie is die digteres van hierdie gedig? (1)

2.2 Haal ‘n voorbeeld van assonansie uit strofe 1 aan. (1)

2.3 Haal ‘n voorbeeld van personifikasie uit die 2de strofe aan. (1)

2.4 Waar het die spreker die seun vir die eerste keer gesien?

Kies die KORREKTE antwoord en skryf dan die nommer en letter neer.

A. By die klaskamer
B. Toe sy by die skool aankom
C. Net voor eerste pouse
D. Agter in die ry (1)

2.5 Wat het die spreker teen tweede pouse besef? (1)

2.6 Skryf die vergelyking in strofe 3 neer? (1)

2.7 Voltooi die sinne deur die regte woorde tussen hakies te kies.

a) Die seun se (kuif/oë) is die eerste ding wat die spreker beïndruk het. (1)

b) In versreël 9 kyk die spreker van ‘n ander planeet af omdat sy iets sien wat (wonderlik/onwerklik) voel. (1)

2.8 Wat beteken “amperfluister” in versreël 10? (1)

2.9 Hoekom was die spreker aan die einde van die skooldag so geskok? (1)

2.10 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

2.11 Was die seun en die spreker in 'n ernstige verhouding? JA/NEE? Waarom sê jy so? (1)

(12)

**Vraag 3: Vyftien (Anoniem)**

Toe ek vyf was, het ek altyd gedink
nog tien jaar en ek is
vyftien
Die perfekte tyd
om met seuns uit te gaan
Die perfekte tyd
om my te grimeer
Die perfekte tyd
wanneer jy laat kan uitbly
Die perfekte tyd
wanneer jy kan soen – behoorlik!
en kan vloek!
Die groot avontuur!
Maar nou dat ek vyftien is
wens ek dat ek weer vyf is

Daardie onskuldige tyd
toe seuns nie jou hart gebreek het nie
Daardie onskuldige tyd
sonder puisies en aknee
Daardie onskuldige tyd
toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie
Daardie onskuldige tyd
toe jy nog nie oorlaai was met werk nie
Daardie onskuldige tyd
toe niemand jou geterg het oor jou manier van soen nie
Ek wonder ... hoe voel dit om een en twintig te wees ...?

3.1 Watter drie opeenvolgende woorde beskryf hoe die spreker voel oor hoe haar lewe gaan wees wanneer sy vyftien is? (1)

3.2 Noem drie dinge wat die skrywer wou doen as sy vyftien is? (3)

3.3 Haal een woord uit strofe 1 aan wat 'n teenstelling aandui. (1)

3.4 a) Watter woorde word in strofe 2 herhaal? (1)

b) Hoekom word dit so baie herhaal? (1)

3.5 Hoe weet ons sy is 'n meisie? (1)

3.6 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom dit onwaar is.

Die spreker mag so laat by die huis aankom as wat sy wil. (1)

3.7 Wat is die les wat ons uit die gedig leer? (1)

3.8 Dink jy dit is lekker om 15 te wees? Hoekom/Hoekom nie? (1)

3.9 Sien jy uit daarna (looking forward to) om 21 te wees? Hoekom/Hoekom nie? (1)

(12)

**Vraag 4: Filmstudie: Hollywood in my huis**

4.1 Waarna kyk Jana wat haar inspireer om haar eie rok vir die matriekafskeid te maak? (1)

4.2 Saam met wie wil Jana na die matriekafskeid toe gaan? (1)

4.3 Waarvoor is die seun in vraag 2 so bekend in die skool? (1)

4.4 Saam met wie bly Frikkie? (1)

4.5 Rangskik die volgende gebeure in die korrekte volgorde. Skryf die sinne oor.

- Frikkie is deur 'n motor "gestamp".
- Seuns boelie Frikkie en Jana help hom.
- Angelique kies Frikkie as haar matriekafskeid metgesel (date).
- Jana se rok skeur. (4)

4.6 Hoe "betaal" Jana vir die materiaal vir haar rok? (1)

4.7 Waarom is Jana se ma kwaad vir haar pa? (1)

4.8 Voltooi die sinne deur die regte woorde tussen hakies te kies.

a) Frikkie wil hê Jana se matriekafskeid moet (perfek/'n flop) wees. (1)

b) Jana se pa wen 'n prys vir sy pragtige (motor/blom). (1)


4.9 Is Jana se gesin ryk? JA/NEE? Waarom sê jy so? (1)

4.10 Dink jy almal het die matriekafskeid gekry wat hulle wou hê? JA/NEE?
Verduidelik jou antwoord. (1)

(14)

**Totaal Afdeling A: 50**








**Afdeling B: Stelwerk**

**Vraag 5:**

**Beantwoord <u>EEN</u> van die volgende vrae:**

- Onthou om die KORREKTE FORMAAT te gebruik.
- Jy moet <u>beplanning</u> doen, 'n <u>eerste poging</u> en 'n <u>finale poging</u> skryf.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die opstel/dialoog neer.
- Skryf netjies en leesbaar.

a) Skryf 'n **DIALOOG** van 120 - 150 woorde oor die volgende onderwerp.

Jy gesels met een van jou maats oor 'n idee/idees wat jy het om jou skool te verbeter.

Jy moet jou idees vir jou maat vertel en jou maat moet vrae vra daaroor en sy/haar opinie daaroor lewer. (30)

**OF**

b) Skryf 'n **OPSTEL** van 120-150 woorde oor die volgende onderwerp:

Beskryf 'n land wat jy al besoek het of wil besoek. Jy mag NIE een van die lande in die Tema boekie gebruik nie!

(30)

**Vraag 6:**

**Jy MOET hierdie vraag beantwoord.**

Jy is die hoofkarakter in die kortverhaal, "Sorry, Ma".

Skryf 'n **e-pos** aan jou maat, Regard, waarin jy hom vertel wat alles gebeur het nadat jy terug huis toe gegaan het die volgende oggend.

Wat het jou ouers alles vir jou gesê en wat was die gevolge van die vorige aand?

Gebruik jou verbeelding, maar onthou om alles feitelik te hou. Moenie die storie verander nie.

- Jou skryfstuk moet **80 – 100 woorde** lank wees.
- Onthou om die KORREKTE FORMAAT te gebruik.
- Jy moet <u>beplanning</u> doen, 'n <u>eerste poging</u> en 'n <u>finale poging</u> skryf.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die e-pos neer.
- Skryf netjies en leesbaar. (20)

**Totaal Afdeling B: 50**

**Groot totaal: 100**


Linnéa 2015
LINNEITA@GMAIL.COM